## AFDELING A1 : GRONDSLAG EN UITGANGSPUNTE VAN DIE REËLS

### 1. AANHEF

1.1. Ons verklaar ons erkenning van en onderhorigheid aan die almag en oppergesag van God Drie-Enig oor alle mense, volkere, nasies en state en betuig ons nederige en eervolle onderwerping aan Sy Wil, Woord en Heerskappy.

1.2. Ons verklaar voorts ons erkenning van en onderhorigheid aan die Bybel as die enigste en onfeilbare Woord van God Drie-Enig en die oorkoepelende gesag wat die Bybel het oor enige en al ons funksies en werksaamhede.

1.3. In die gees van die voormelde erkenning en getuienis word hierdie Reëls in opdrag van die Direksie van Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. (hierna ook verwys as “OAB”) opgestel en uitgevaardig in terme van die magtigende bepalings van die Akte van Oprigting van OAB in besonder, en die Wet op Aandeleblokke (Wet 59 van 1980, soos gewysig) soos saamgelees met die Maatskappyewet (Wet 71 van 2008, soos gewysig) en enige ander toepaslike wetgewing.

### 2. KONTEKS

2.1. Orania is geleë binne die Republiek van Suid-Afrika en word bewoon en bewerk deur Afrikaners wat strewe na selfbeskikking met die reg om hul eie politieke status te kies, hul ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling vrylik na te streef en te kies om deel te neem in die regering van die Republiek van Suid-Afrika kragtens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en kodes, konvensies, deklarasies, verdrae en regspraak wat toepassing vind in die internasionale volkereg.

2.2. Die grondgebied van OAB wat onder die bestuur van die Direksie van OAB staan, maak ŉ deel van Orania uit.

2.3. Elke aandeelhouer van OAB, elke bewoner van OAB-eiendom, enigiemand met ŉ belang in, of betrokke by OAB, elkeen wat die grondwet vrywillig onderskryf, sowel as die

Direksie van OAB en die Bestuur en administratiewe personeel deur sy bestuursorgane, is plegtig daartoe verbind om deur al sy of haar besluite en optrede –

2.3.1. aan die Afrikaner as kultuur-etniese gemeenskap met ŉ eiesoortig ontwikkelende historiese bewussyn, kulturele bates en strewes die geleentheid te bied om op alle terreine van menslike bedrywigheid toenemende selfvervulling en selfbeskikking na te streef en te bewerkstellig;

2.3.2. Orania ekologies gevoelig en volhoubaar asook ekonomies regverdig en verantwoordelik te ontwikkel;

2.3.3. die individuele integriteit van inwoners van Orania en in die besonder die reg op privaatheid, vryheid en sekuriteit van die persoon en uitdrukkingsvryheid te eerbiedig en te beskerm;

2.3.4. opbouend en tot wedersydse voordeel met die inwoners van en instellings in Suid-Afrika, asook die nasionale en alle ander sfere van regering saam te werk;

2.3.5. selfwerksaamheid te ondersteun en uit te bou deur van Afrikanerarbeid oftewel volkseie arbeid gebruik te maak.

2.4. OAB bedryf ŉ aandeleblokskema binne die jurisdiksiegebied van die Orania Verteenwoordigende Raad, ŉ eiesoortige instelling wat deels statutêr en deels gemeenregtelik daargestel is met die magte en bevoegdhede soos uiteengesit in ŉ hofbevel gedateer 4 Desember 2000 onder saaknommer 1148/2000 (Hoë Hof, Noord-Kaapse Afdeling, Kimberley), saamgelees met daaropvolgende akkoorde, verdrae en/of ooreenkomste beding met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander owerheidsinstellings.

**3. TOEPASSING EN TREFWYDTE VAN HIERDIE DOKUMENT**

3.1. Uitgesluit Afdeling A1 en tensy die teendeel duidelik blyk, sal Reëls deur die Dorpsraad geldig wees vanaf die datum van aanvaarding en publikasie daarvan deur die Direksie

van OAB tot en met datum van die herroeping of vervanging van hierdie Reëls deur die Direksie van OAB of by wyse van ’n besluit van die lede van OAB op die voorgeskrewe wyse. Met hierdie “Reëls” word verstaan alle Dorpsreëls soos uitgevaardig kragtens hierdie Afdeling A1 en word saamgelees en geïnterpreteer in samehang met hierdie Afdeling.

3.2. Hierdie Reëls sal bestaande of vorige reëls wat dit vervang in geheel herroep, tensy die teendeel duidelik blyk.

3.3. Waar hierdie Reëls ’n bestaande *status quo*, wat gegeld het in terme van enige vorige Reëls en regulasies, verander en waar enige persoon in terme van die vorige reëls gehandel het en negatief geraak word deur die verandering wat volg op die inwerkingtreding van hierdie Reëls, kan daardie persoon op die voorgeskrewe wyse aansoek doen by die Direksie om ’n vrystelling of verslapping van die effek van hierdie Reëls vir so ’n tydperk as wat die Direksie binne sy uitsluitlike diskresie mag bepaal.

3.4. Hierdie Reëls sal ten volle toepassing vind op die hele grondgebied van OAB asook op enige en alle persone, entiteite en/of instansies wat hulle op die grondgebied van OAB bevind.

3.5. Hierdie Reëls mag ook by wyse van verwysing toegepas word op enige ander dele van die Orania Grondgebied, indien en in soverre grondeienaars hulle vrywillig, hetsy in geheel of gedeeltelik, daartoe verbind en hierdie Reëls by hulle kontraktuele bepalings wat die onderlinge verhouding en regte en verpligtinge tussen die grondeienaars en okkupeerders reël, inlyf.

## 4. BEDOELING MET EN DOELSTELLINGS VAN HIERDIE REËLS EN REGULASIES

4.1. Hierdie Reëls word ingestel om die gemeenskap en gemeenskapslewe van Orania in sy geheel te dien en te bevorder en om die onderlinge en interne samewerking, samelewing en samehorigheid van asook behoorlike interne goeie orde binne die gemeenskap van Orania asook die goeie orde en skakeling na buite die gemeenskap te help verwesenlik.

4.2. Die gemeenskap van Orania is ’n groepering van Godvresende individue, gesinne, families, organisasies, ondernemings en strukture wat bepaalde gemeenskaplike doelstellings en oogmerke met mekaar deel en hulle beywer om ’n volhoubare ekonomies vooruitstrewende, harmonieuse, geordende, ontwikkelende, selfstandige en kulturele gemeenskap te vorm.

4.3. Alhoewel dit belangrik is dat almal binne die gemeenskap tot hulle volle potensiaal moet kan groei en ontwikkel, is die gemeenskap nie ondergeskik aan enige individu, gesin, familie, organisasie, onderneming of struktuur nie. Dus moet die regte en belange van die gemeenskap in ewewig met die regte en belange van elke individu, gesin, familie, organisasie, onderneming en struktuur gesien word en mag geeneen op enige wyse handel of optree wat die regte en die belange van die gemeenskap of ander individue, gesinne, families, organisasies, ondernemings of strukture benadeel nie.

## 5. TOEPASSING VAN BEGINSELS VAN SKEIDING VAN MAG EN GESAG

5.1. In handhawing van die beginsels van die skeiding van mag en gesag, funksioneer Orania en meer spesifiek OAB binne die beginsels van die effektiewe skeiding tussen ’n wetgewende gesag, die uitvoerende gesag en ’n regsprekende gesag.

5.2. OAB se werksaamhede bestaan dus onder meer uit reëlskeppende- en uitvoerende funksies. Regsplegende of geskilbeslegtingsfunksies, word deur Orania Regspleging hanteer, soos operasioneel deur OAB bestuur maar wat onafhanklik optree, solank daar nog nie ’n onafhanklike regsplegende instelling in Orania bestaan nie. Al hierdie funksies word uitgevoer soos in hierdie reëls beskryf.

5.3. Elkeen van hierdie drie gesagstrukture sal onafhanklik van mekaar funksioneer en sal deur hulle onderskeie organe uitvoering gee aan hulle werksaamhede en sal onafhanklik maar met gemeenskaplike oogmerke hulle onderskeie magte en verpligtinge uitoefen.

## 6. ALGEMENE TOEPASSING EN UITLEG VAN HIERDIE REËLS

6.1. Hierdie Reëls moet uitgelê en toegepas word op ŉ wyse wat uitvoering gee aan die doelwitte en doelstellings soos in hierdie dokument uiteengesit. Die uitleg wat verbeterde funksionaliteit van die gemeenskap en gemeenskapslewe in Orania tot gevolg het en ewewig tussen individuele en gemeenskapsbelange handhaaf moet gevolg word wanneer enige van die reëls en regulasies in terme hiervan beoordeel, toegepas en uitgelê word.

6.2. Hierdie Reëls moet saamgelees, uitgelê en toegepas word met inagneming van die volgende:

6.2.1. Alle wetgewing, regulasies en verordeninge wat uitgevaardig word en wat toepassing vind op enige van die hoofstukke en afdelings van hierdie reëls
6.2.2. Die Akte van Oprigting van OAB
6.2.3. Die beleid rakende verblyfreg en burgerskap
6.2.4. Die onderlinge gebruiksooreenkomste soos aangegaan tussen OAB en die onderskeie aandeelhouers
6.2.5. Enige heersende Grondgebruikbestuurskema
6.2.6. Enige heersende Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
6.2.7. Regsprosedures in siviele geskille en dissiplinêre sake en die dissiplinêre kode vir inwoners en instellings in Orania
6.2.8. Enige en alle beleidsdokumente soos uitgevaardig in terme van enige van die bogenoemde

6.3. Indien enige konflik bestaan tussen die inhoud van hierdie Reëls en enige van die bogenoemde dokumente, sal die inhoud en uitleg van die akte van oprigting voorrang geniet bo hierdie Reëls. Die uitleg en toepassing daarvan sal egter deurgaans gedoen word in ooreenstemming met die bestaansdoel, beleidsrigtings, aard en wese van Orania. Indien konflik bestaan tussen die dokumente gemeld in die restant van die klousules hierbo, onderling of met hierdie Reëls, sal die Direksie geregtig wees om ŉ direktief uit te reik waarin die doeltreffendste uitleg na hulle goeddunke bepaal sal word.

## 7. BEVOEGDHEID OM REËLS IN TE STEL EN TE WYSIG

7.1. Hierdie afdeling A1 wat die grondslag, mandaat van Direksie en uitgangspunte van hierdie Reëls vorm word deur die aandeelhouers van OAB by ’n algemene of spesiale vergadering met ’n gewone besluit en op die voorgeskrewe wyse aanvaar en ingestel en kan ook slegs by wyse van ’n gewone besluit van die aandeelhouers van OAB geneem met behoorlike vooraf kennisgewing en op die voorgeskrewe wyse gewysig word.

7.2. Ten opsigte van enige van die ander afdelings van hierdie Reëls sal die Direksie van OAB by wyse van ’n gewone besluit die bevoegdheid hê om in navolging van die korrekte prosedure wat vir die Direksie geld Reëls onder ander afdelings te aanvaar, in te stel en uit te vaardig asook om die nodige wysigings en aanvullings aan te bring.

7.3. Die instel van enige Reëls, asook enige wysigings en aanvullings en soos voorsien in Paragrawe 7.1 en 7.2 hierbo, mag te enige tyd en soos wat doelmatigheid of omstandighede dit vereis, aangebring word.

7.4. Enige instel van Reëls asook die wysiging en aanvulling van hierdie Reëls sal van krag en volle toepassing wees by aanvaarding en publikasie daarvan, of op die datum soos bepaal in die betrokke kennisgewing daarvan, en nadat die nodige publieke kennisgewing en deelname asook publikasievereistes nagekom is.

7.5. Indien enige situasie ontstaan of geval voorkom wat hanteer moet word, maar wat nie deur die inhoud of trefwydte van hierdie Reëls gedek of aangespreek word nie, sal die Direksie geregtig wees om ’n direktief daaroor uit te vaardig, welke direktief ten opsigte daarvan sal geld tot tyd en wyl die nodige wysigings of aanvulling op die voorgeskrewe wyse in die Reëls aangebring kan word.

## 8. REGSPROSEDURES EN STRAFSANKSIES

8.1 Die Direksie van OAB het die bevoegdheid om beleidsdokumente op te stel en prosedures daar te stel om die interne oplossing van dispute en dissiplinêre aangeleenthede binne Orania te behartig. Die Direksie sal spesifiek ’n Dissiplinêre Kode daarstel, aanvul en wysig en waarin regsprosedures wat ten aansien van die oortreding van hierdie Reëls, of enige ander misdryf of oortreding soos in die Kode gestel, van toepassing sal wees uiteengesit

word. By die instel van enige regsprosedures soos in die Dissiplinêre Kode uiteengesit sal die beginsels van natuurlike geregtigheid toepassing vind en soos prakties ingevolge die Strafproseswet, 51 van 1977, soos gewysig, manifesteer.

8.2 Die Direksie van OAB is geregtig, by die uitreik, aanvul en wysiging van enige Reëls asook 'n Dissiplinêre Kode, om sodanige strafsanksies van toepassing by die oortreding van die Reëls wat nodig mag blyk in te stel en sal die betrokke strafsanksies afdwingbaar wees, met dien verstande dat die Direksie slegs sodanige strafsanksie kan instel wat onder normale omstandighede kragtens heersende wetgewing ook ingestel sou kon word.